VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 3

07 SEPTEMBER 2020
HERDERSBRIEF #1C

Ek groet u, terwyl dit die gebed van my gees is dat u hierdie **"groet"** sal ervaar, komende van Jesus.

Ek is my ten volle bewus van die moeilike tyd, uitdagings en drukgang wat elkeen ervaar. Terselfdertyd is dit die magte van duisternis wat elkeen van ons teëstaan, maar ook 'n tyd van oorwinning. Wees verseker: God is teenwoordig; ons is oorwinnaars en die Here maak dit vir ons moontlik om die toets van tyd te deurstaan.

Onsekerheid, bekommernis, teleurstelling, verlies, en **VREES** mag nie, die doel wat God vir elkeen het kanselleer en veto nie. Hierin gee ek u my volle ondersteuning met die versekering dat: die **"liefde"** vrees na buite dryf – ***1 Joh. 4:18***.

Ons verhouding is nie as gevolg van **"vrees"** nie, maar as gevolg van **"liefde"**. Genoegsame liefde wat die foute van beide partye – in dié geval leraar en gemeente – bedek, dat ten spyte van teleurstellings, misverstand, wanpersepsies, gebrekkige kommunikasie, *"mekaar nie meer na die vlees te ken nie"* – ***2 Kor. 5:16***. Ons is nie in 'n verbete stryd of spel om punte te wil verdien nie en mekaar te behaag nie. Dit veroorsaak onnodige spanning en kan deur die vyand aangewend word om ons te roof.

Die volgende wil ek graag duidelik onderstreep:

- Die wegraping kan nie verdien word nie.
- Ons word ook nie gekonfronteer: met die standaard wat ons nie kan handhaaf nie.
- Die verborge dinge is vir die Here onse God en die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders.
- Die leierskap van EKD – myself ingesluit – moet waak teen 'n oorbeklemtoning van 'n standaard van heiligheid wat bokant die begripsvermoë van sommiges lê.
- Kom ons verbind ons daartoe om ons nie net met **"openbaringskennis"** besig te hou nie.
- Kom ons waak daarteen dat ons verstrengel raak in profetiese feite en in die proses Jesus uit die oog te verloor. Die apostels in die Nuwe Testament het dit nie gedoen nie.
- Ek wil dus graag hiermee myself as **"mens"** aanbied – in soverre u my dit toelaat – wat ten volle begrip het vir u swakhede.
- Saam stry ons die stryd.

Hou dit tog in gedagte dat ek ten tye van hierdie fase van my bediening die volgende opdrag het: *"'n Stem van een wat roep: berei in die woestyn die weg van die Here; maak gelyk in die wildernis 'n groot pad vir ons God."*

***Jes. 40:1*** *"Troos, troos my volk, sê julle God."* ***Jes. 40:2*** *"Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes."* ***Jes. 40:3*** *"'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God!"* ***Jes. 40:4*** *"Elke dal moet opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word; en die bult moet 'n gelykte en die rotsagtige plekke 'n laagte word."* ***Jes. 40:5*** *"En die heerlikheid van die HERE sal geopenbaar word, en alle vlees tesame sal dit sien: want die mond van die HERE het dit gespreek."*

U herder in Christus, ter wille van Christus.

Ds. J.F. Landmann
Presiderende leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335